



NG Kerk Randburg

groeï. behoort. dien

Kantoor 011 - 789 2428; ngrburg@mweb.co.za

Ds Servaas de Kock 082 552 5093; ds.sdek@mweb.co.za

<http://www.ngrandburg.org> / [facebook.com/ngkerkrandburg](https://www.facebook.com/ngkerkrandburg)

11 September 2022

VANDAG

- Erediens:** Ds Servaas de Kock. **Lukas 15 : 1-10.** *Jesus dink anders ... om ons so te laat doen!*
- Jeugwerk:** Kleuterkerk - **3-6 jr** (Koffiekroeg), Kleinkerk - **Gr 1-3** (Kamer 1), **Gr 4-6** (Afdak), **Gr 7-8** (Kamer 2), **Gr 9-10** (Konsistorie).
- Neem-'n-bejaarde-aan:** Lidmate wat aangemeld het kom vandag na die erediens in die konsistorie byeen.
- Nuwe lidmate – Baie welkom!** Meld asb by die diensspan by die tafel in die portaal aan.
- Omgeegroepe** soos deur leiers gereël.

ONS LEWE

- Program vir volgende weke:**

18 Sep	Lof en aanbidding met musiekgroep
25 Sep	Omgeegroepe

- Woensdag 09:30 - Bybelstudie** in die konsistorie.

ONS DIEN

- Kerskardoes 2022:** Lidmate kan tot 2 Oktober begunstigdes vir die projek nomineer. Stuur asb besonderhede aan ds Servaas. Dié projek loop vanaf 16 Oktober tot 21 November. Omgeegroepe en lidmate moet asseblief betyds oorweging skenk aan hulle deelname.
- Gebedsaksie:** 'n WhatsApp-groep maak gebedsversoeke aan die gebedsvennote bekend. Versoeke kan spesifiek-persoonlik of anoniem wees en aan Marisa Combrinck (082 823 8654) gerig word. **Gebedskandelare** teen die muur langs die groot ingang deur bied ruimte vir lidmate wat 'n *dankie- of asseblief kers* wil opsteek.
- Bybelverspreiding:** Die kerkraad stel Bybels teen 'n **subsidie-prys van R70** beskikbaar vir verspreiding deur lidmate. Verskeie vertalings in voorraad. Kontak Zelda Hertz (082 873 6458).
- Doorway to Dignity** (Trevor Webster – 065 147 9552) is deurlopend besig met projekte wat op verskillende maniere ondersteun kan word. Kontak hulle gerus vir inligting.
- Bloedskenk-Sondag:** Die *SANBS Blood Drive* is op **Sondag 18 September** na die erediens in die kersaal om vir soveel as moontlik lidmate die kans te gee om bloed te skenk.

GELUK MET DIE VERJAARSDAG



- 11/09 Elriena Delpont, Colleen Greeff, Marlène Pretorius
12/09 Johan Kemp, Tharien van den Berg, Linda Laubscher
13/09 Johan Dürr, Anna-Marië Kruger, Charlene Oesch, Jessica Verryne
14/09 Kallie Koortz, Herbert Trollip, Lorraine Vorster
15/09 Riaan Heenop, Lynette van den Berg
16/09 Marina Dürr
17/09 Michelle de Wet, Madel Marx, Pauline Nieuwoudt, Emilia Prinsloo

ONS GEE OM

- 1. Bejaardes en chroniese siekes: Di Hart** (083 226 5486), **Annette van Heyningen** (074 298 3338 - Chris), **Piet Homan** (072 355 2186), **Heleen Bekker** (072 419 8235), **Johan Kemp** (011 787 6274), **Ria Horn** (079 195 3842) en **Abraham Verryne** (083 483 9132).
- 2. Operasies, hospitalisasie en gesondheidsprobleme:**
 - **Chris de Waal** (082 926 2282) herstel na 'n heup-operasie.
 - **Charles Griffiths** (084 588 4403) ervaar 'n terugslag in sy gesondheid en word tuis behandel.
 - **Marion de Jager** (084 508 1345) herstel steeds tuis na 'n rug-operasie.
 - **Hein Fürstenburg** (083 285 6848) ontvang intensiewe chemo-terapie.

FAMILIEFOKUS – KINDERS IS GESKENKE

Mense kan jou gereeld baie verbaas of verras. Party mans kan byvoorbeeld hulle motors, sporttoerusting of horlosies so wonderlik versorg. Ure en ure en baie geld word aan die kosbare besitting bestee. Dit kan dalk vergelyk word met die moeite wat 'n vrou met haar hare doen. Net die beste haarkapper durf dit naby haar kop waag. Die hare word gekleur, gesny en geblaas, en die hele proses herhaal elke maand. Dit kos 'n fortuin, maar geen tyd of geld is te veel gevra vir dit wat belangrik en kosbaar is nie.

Ja, kosbare besittings vra tyd en geld. As iets vir jou 'n prioriteit is, is dit tog eintlik vanselfsprekend dat jy baie energie daaraan sal bestee, en 'n groot deel van jou fokus in die lewe sal daarop ingestel wees. As ouers net wil besef dat hulle kinders eintlik hulle kosbaarste geskenke is. Jou kind behoort jou belangrikste prioriteit te wees.

Moenie dink as jy baie moeite doen met hulle sportafrigting en vir hulle baie en duur klere koop, doen jy genoeg nie. Al die ekstra klasse en privaat afrigting ter wille beter prestasie (nie agterstande nie) word met 'n glimlag betaal en die rondry daarvoor is geen moeite nie.

Bestee jy die meeste van jou tyd aan jou kinders? Belê jy in jou kinders se geestelike ontwikkeling en nie in hulle wêreldse heil nie? Onthou, wêreldse heil is tydelik en dit leer hulle verkeerde waardes. **Bestee jy genoeg tyd aan jou kind sodat hulle emosioneel gesond kan wees?** Is jy besig om hulle vólle potensiaal raak te sien en te ontwikkel? Is jy op jou knieë voor die Here om by Hom te hoor wat jy volgende moet doen of waar jy iets moet regmaak?

Dink net weer hoe belangrik en kosbaar jou kind vir God is. Is jou kind vir jou net so belangrik? Is jou kind werklik 'n hoë prioriteit in jou lewe? *Johan Smith @ <https://www.vitaamp.org/>*

WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgegroepe en huisgeloof -

Week van 11 September – Lukas 15 : 1-10

Stil word en aanbidding: Dink bietjie oor die week. Deel met mekaar julle vreugdes en vrese van die afgelope week. Gesels bietjie oor die stelling: "*Die kerk is nie 'n vakansie-oord vir heiliges nie, maar 'n hospitaal vir sondaars.*" Lees 1 Timoteus 1:12-17 as 'n gebed. Dink na oor God wat jou oorlaai met Sy genade, geloof en liefde.

Woord: Lukas vertel vir ons dat Jesus nie die bestaande grense tussen Jode en nie-Jode gehandhaaf het nie. Jode het kontak met heidene vermy om sodoende nie onrein te wees nie. Maar Jesus meng met tollenaars en sondaars, as Hy na die roeping van Levi 'n groot feesmaal in Levi se huis bywoon (5:27-32). Jesus genees byvoorbeeld 'n nie-Joodse offisier se slaaf (7:1-10), Hy bring besoek aan 'n nie-Joodse gebied (8:26-37), en genees ook 'n Samaritaanse melaats (17:11-19). Jesus meng ook met mense wat deur die Joodse godsdienstige leiers as fisies onrein beskou is, soos melaatses, blindes, duiwelbesetenes en dooies. Jesus kom in kontak met persone wat deur die Jode as godsdienstig onrein verklaar is vir deelname aan godsdienstige aktiwiteite, soos tollenaars en prostitute. Diesulkes word juis die eregaste na Sy groot maaltyd (14:13-24). Deur Sy optrede trek Jesus 'n streep deur die wyse waarop Jode mense kategoriseer as rein en onrein. Lees nou twee gelykenisse in Luk. 15:1-10.

Gesprek:

1. Wat leer ons in verse 1-3 oor Jesus? Watter reaksie vra dit van ons? Hoe word God in die twee gelykenisse uitgebeeld en wat leer ons daaruit?
2. Verbeel julle hierdie scenario: Tydens 'n erediens is daar 99 Afrikaanssprekende mense. Skielik stap daar 'n Engelssprekende persoon in wat geen Afrikaans verstaan nie. *Hoe gaan julle dit hanteer in die lig van hierdie teks?*
3. Die evangelie plaas ons aan die kant van die verstotenes en rand-figure. Tog kruis ons lewens dikwels nie baie met hulle s'n nie. Wie is die verstotenes en die rand-figure in ons leefplek? Wat kan julle doen om hulle in te sluit? Wat veroorsaak hierdie afstand? Hoe voel jy hieroor? Hoe hanteer jy dit?
4. Watter afleiding kan julle maak oor hoe kosbaar die een skaap wat weggeraak het vir die herder was en die een muntstuk wat verlore geraak het vir die vrou was? Sou mense wat vir ons "verlore" voorkom, dalk vir God besonder waardevol wees? Wat, dink julle, wil hierdie gelykenisse by ons tuisbring?
5. In beide gelykenisse raak iets "*verlore*": in die eerste 'n skaap en in die twee gelykenis 'n muntstuk. Probeer die woord "verlore" te omskryf. Miskien kom woorde soos "nutteloos, verdwaal, waardeloos" by julle op. Dink ons soms só oor en van ander mense? Wat openbaar dit dan van ons gesindheid teenoor "verlorenes"?

Afsluiting: Sonder dat ons dit dikwels besef, kan ons ook verdwaal wees, maar God soek ons met 'n seer hart, met 'n passie, wil Jesus vir ons sê. Dink na oor God wat jou kom soek en kom haal het en die vreugde in die hemel daaroor.

SNUFFELGIDS

- 1. Blomme en dekor vir enige geleentheid:** Troues, konferensies, verjaarsdae en spesiale vierings. Groot verskeidenheid beskikbaar. Epos: [blessings.flowerings@gmail.com](mailto: blessings.flowerings@gmail.com) of kontak Betsie (082 442 6373) vir meer inligting.
- 2. Loodgieter/Nutsman:** Vir spoedige en deskundige diens. Skakel vir Gerhard (073 248 1513).
- 3. Loodgieter:** Gekwalifiseerde loodgieter. Skakel Maurice van Wyk (076 266 2068).
- 4. Te koop:** Tuisgebakte klein koekies en beskuit te koop. Kontak Elsabe - 082 877 6501.
- 5. Zeek's Artisan Food:** Voorbereide etes – "*druk-in-die-oond-wonders*" soos lasagne, geroosterde hoenderpastei, herderspastei, macaroni en kaas, sosaties, fees-skinkborde met verskeidenheid lekkernye. Spesiale feesbrode met GMO vrye meel. Siegfried – 082 448 9534.
- 6. Herstel en diens** van motors en bakkies. Afgetrede werktuigkundige. Basil - 078 165 4808.
- 7. Vrystaatse lamsvleis:** Vol of ½ lam opgesny en vakuum verpak soos verkies, afgelewer by huis. Boerewors en bees maaltvleis ook beskikbaar. Besoek www.affi-plaas.co.za of kontak Martiens (071 609 8937) vir meer inligting.
- 8. Wondersalf te koop:** Help vir sinus, spierpyne, bytplekke, sonbrand ens. R110 per houer. Navrae by kerkkantoor of 083 226 9988.
- 9. Betroubare bediende** soek werk. Kontak Elriena (082 837 7480) vir meer inligting.
- 10. Te huur:** 3 Slaapkamer woonstel naby Afrikaanse skole en Ferndale-winkelsentrum. Twee badkamers. Twee garages. 24 Uur sekuriteit en swembad. R9,550 plus elektrisiteit pm. Deposito verlang. Kontak Johan (082-653 8370).

BANK- EN BETALINGSBESONDERHEDE

Meld asb rede vir inbetalings
as verwysing:

NG Gemeente Randburg
ABSA Randburg
Kode 505 705
Tjek rek nr: 0170580001

**Gebruik SnapScan vir enige
betaling aan die gemeente.**



Never give up
because great things
take time.